# Selfbeheer




shofar

**(1 Kor 9:23-27)** 23 Dit alles doen ek ter
wille van die evangelie, sodat ek aan die
vrug daarvan deel kan hê. 24 Weet julle nie
dat atlete wat aan 'n wedloop deelneem,
wel almal hardloop, maar dat net een die
prys ontvang nie? Hardloop dan só dat
julle die prys kan wen. 25 Almal wat aan 'n
wedstryd deelneem,

**(1 Kor 9:23-27)** ontsê hulleself allerlei
dinge. Hulle doen dit om 'n verganklike
oorwinnaarskroon te verkry, maar ons 'n
onverganklike. [26]Ek hardloop dan ook soos
een wat nie van sy doel onseker is nie; ek
slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan
nie. [27]Maar ek oefen my liggaam en bring dit
onder beheer, sodat ek nie ander tot die
stryd oproep en self nie kwalifiseer nie.

**(1 Kor 10:1-14)** [1]Broers, ek wil julle
daaraan herinner dat ons voorvaders
almal onder die beskerming van die wolk
was en almal veilig deur die see gegaan
het. [2]Omdat hulle almal vir Moses gevolg
het, is hulle almal in die wolk en in die see
gedoop. [3]Almal het dieselfde geestelike
voedsel geëet,



**(1 Kor 10:1-14)** 4en almal het dieselfde
geestelike drank gedrink: hulle het
gedrink uit 'n geestelike rots wat met hulle
saamgegaan het. Die rots was Christus.
5Tog was God met die meeste van hulle
nie tevrede nie, want hulle het in die
woestyn omgekom. 6Hierdie dinge het
gebeur as voorbeelde vir ons

**(1 Kor 10:1-14)** dat ons ons nie soos
hulle deur sondige begeertes moet laat
dryf nie. 7Julle moenie afgodsdienaars
word nie, soos sommige van hulle oor wie
daar geskrywe staan: “Die volk het gaan
sit om te eet en te drink en het opgestaan
en hulle aan uitspattighede oorgegee.” 8
Laat ons ook nie onsedelikheid pleeg nie,

**(1 Kor 10:1-14)** soos sommige van hulle
onsedelikheid gepleeg het, en op een dag
het daar drie en twintig duisend
omgekom. [9]Laat ons Christus nie uittart
nie, soos sommige van hulle Hom
uitgetart het, en hulle het deur slange
omgekom. [10]En moenie teen God in
verset kom nie,




shofar

**(1 Kor 10:1-14)** soos sommige van hulle
in verset gekom het, en hulle het deur die
engel van die dood omgekom. 11Hierdie
dinge het oor hulle gekom as 'n voorbeeld
vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing
vir ons wat die einde van die tye al beleef.
12Daarom, wie meen dat hy staan, moet
oppas dat hy nie val nie.

shofar

**(1 Kor 10:1-14)** [13]Geen versoeking wat
meer is as wat 'n mens kan weerstaan,
het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal
nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek
word nie; as die versoeking kom, sal Hy
ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan
weerstaan. [14]Daarom, my geliefdes, moet
niks met die afgodsdiens te doen hê nie.

shofar

**(1 Kor 10:6)** [6]Hierdie dinge het gebeur as voorbeelde vir ons dat ons ons nie soos hulle **<u>deur sondige begeertes</u>** moet laat dryf nie.



**(Spreuke 4:23)** [23]Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe.



**(1 Kor 10:12)** 12Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.



**(1 Kor 9:23)** [23]Dit alles doen ek ter wille
van die evangelie, sodat ek aan die vrug
daarvan deel kan hê.




**(1 Kor 10:13)** [13]Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. <u>**God is getrou**</u>. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.



**(2 Tim 1:7)** [7]Want God het ons nie ’n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.

**(Gal 5:22)**[22]Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.




shofar

**(Fil 2:12-13)** 12**Daarom**, my geliefdes,
soos julle altyd gehoorsaam gewees het,
nie in my teenwoordigheid alleen nie,
maar baie meer nou in my afwesigheid,
werk julle eie heil uit met vrees en
bewing; 13**want** dit is God wat in julle werk
om te wil sowel as om te werk na sy
welbehae.




shofar

**(Fil 1:6)** [6]Ek is oortuig dat God die goeie werk wat Hy in julle begin het, sal voortsit totdat Hy dit voltooi op die dag wanneer Jesus Christus terugkom.




shofar